FAS-RAP : As die ma drink . . .

Ek het 'n probleem met 'n ma wat aanmekaar drink. Ek het 'n probleem met 'n pa wat die wyn aanhou skink, al is sy pregnant. Meneer of oom, jy gee jou kind Fetale Alkohol Sindroom. Mevrou ek wil jou vra, is jy dan laf? Jy buig nie die boom nie man, jy breek dit af. Die brein van daai kind is dan so goed soos 'n graf. Dis maar net 'n manier hoe die natuur 'n mens straf, soos byvoorbeeld; jy gaan tronk toe, as jy skuldig is. Jy sal weer baie verloor as jy te geduldig is, maar jy sal altyd wen as jy 'n Blou Bul is, maar as jy swanger is en jy drink wyn totdat jy versadig is, kan jou kind se brein maklik beskadig is, want . . .

As die ma drink, drink die baba saam,
en as die kind FAS het, is dit die ma se blaam,
maar die pa kan maar verniet uit die water staan,
want die skuld is eintlik hulle altwee s'n saam.

Nou die vroue like sê dat hulle is platsak, maar daar's dan altyd geld vir 'n papsak en as jy drink en jy verwag 'n kind, dan is dit tough luck. Fetal Alcohol Syndrome is the name. Die wyn werk in op die kind se brein, en as die laaities hom sien dan sê hulle hy's insane, en die aunties wat verby stap, sê “Haai shame”, of “sies tog”, en jy sê vir die onderwysers “Askies tog, wees geduldig met my kind asseblief tog”, maar ek wil vir jou sê, die onderwysers raak vies tog, en hier kan jy maar jou oë rek, want in die eerste plek, moes jy gecheck het. Jy moes jou plig as 'n verantwoordelike ouer gedek het. Nou't niemand vir jou raad nie. As jy swanger is vrou, hou tog op party ! . . .

Die boodskap is so helder soos 'n spreilig
As jy drink en jy's swanger dan is jou brein dig
'n Ma se rol is veelsydig tydig of ontydig
Vroumense lyk dit my verstaan dit wynig
moenie jou kind pynig
Ek vra jou mooi . . . Hou jou baba veilig !

© **Kopiereg voorbehou deur FASfacts**
www.fasfacts.org.za

Can be downloaded from :

FAS-RAP written, composed and performed by Origin-0 2004